

30 November

Skrifgedeelte Jeremia 29:1-14  
Fokusgedeelte Jeremia 29:7 (OAV)

## Bid vir Babel

Die Jode in ballingskap moes swaar aan hierdie opdrag gesluk het. Babel was die verpersoonliking van die God-vyandige wêreldmag, hulle was die plundersaars van die tempel! Dit is hulle wat die volk in ballingskap weggevoer het! En tog kom die opdrag: bid vir Babel. Nie ter wille van een of ander intergeloofsoefening nie, maar omdat dit 'n opdrag van die HERE is. *Net soos Hy dit jare later weer sou herhaal: Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg* (Matt 5:44).

Jeremia het goeie rede vir hierdie opdrag aan sy volksgenote. Sou Babel vrede hê, dan het al haar inwoners ook vrede ... ook die ballinge. Die Jode se oorlewing en welvaart in ballingskap was van kritiese belang ... nie net vir hulleself nie, maar ook vir die hele wêreld, Babel ingeslote. Die redding van die hele wêreld sou immers uit die Jode kom! Die wêreld was in afwagting op 'n Verlosser, die *hoopvolle toekoms* waarvan Jeremia berig. Vandag is die wêreld steeds in nood ... steeds in afwagting op die verkondiging van die evangelie. Om dieselfde rede roep die apostel Paulus ons weer op tot 'n gebed ... 'n gebed vir die heidense owerhede sodat ons *'n rustige en stil lewe kan hê* ... sodat die evangelie sy loop kan neem (1 Tim 2) ... sodat ons Verlosser weer mag kom.

Die biddende hande van gelowiges deur alle eeue dra die redding van 'n verlore mensdom aan die genadetron van God op. En wanneer ons eendag saam met ons Verlosser sal aansit aan die hemelse feesmaal, sal daardie geredde mense aankom uit die ooste en die weste, uit Johannesburg en Moskou, uit Beijing en New York om sy heerlike teenwoordigheid te deel.

Daarom, bid vir Babel ... vandag nog.

Sing: Psalm 97:1, 7 (1936)

Ds G Opperman (Brits-Wes)